DIE BEGRIP „DIAKONOS" AS AANDUIDING VAN 'N BESONDERE AMPSDRAER.

1. *Diakonos in sy verskillende betekenisse in die N.T.:*
   (i) In sy oorspronklike betekenis van bediende by 'n maaltyd — Joh. 2:5, 9.
   (ii) Vir 'n dienaar van een of ander heer:
      (a) van 'n koning — Matth. 22:13.
      (b) van die Satan — 2 Kor. 11:14 e.v.
      (c) van die (heidense) staatsowerheid — Rom. 13:1-4.
   (iii) 'n Dienaar van Jesus as Persoon — bv. Joh. 12:26.
   (iv) 'n Dienaar in die Kerk van Jesus Christus:
      (a) Van die Evangelie — Ef. 3:6 e.v.; Kol. 1:23.
      (b) Van die Nuwe Testament — 2 Kor. 3:6.
      (c) Van Christus en God — 2 Kor. 11:23; 2 Kor. 6:4.
      (d) Van die gemeente:
         (α) om die woord van God te vervul — Kol. 1:25.
         (β) sonder nadere kwalifisering — Rom. 16:1 ('n besondere ampsdraer?)
         (γ) klaarblyklik vir 'n besondere amp in die gemeente — Fil. 1:1; 1 Tim. 3:8-12.

2. *Wie almal in die N.T. diakonos heet:*
   (i) Jesus Christus self: Rom. 15:8: „diakonos van die besnydenis"; Gal. 2:17: „geen diakonos van die sonde".
   (ii) Enige dienaar van Christus: bv. Joh. 12:26.

(iii) Die *apostel* Paulus:

(a) As Evangelie-verkondiger — 1 Kor. 3:5; Ef. 3:7; Kol. 1:23.

(b) As apostel teenoor die dwaalleraars wat die gesag vir hulself opeis — 2 Kor. 6:4 en 11:23.

(c) Spesifiek as diakonos *van die gemeente* waar om die Evangelie te verkondig — Kol. 1:23.

(iv) Timotheüs, *die evangelis:*
1 Thess. 3:2: „diakonos van God". Hier gelyk aan „medewerker van die evangelie van Christus".
1 Tim. 4:6: 'n goeie diakonos indien hy aan die broeders die regte dinge voorhou.

(v) *Tichikus* — die metgesel van Paulus op sy sendingreise van wie ons steeds lees dat Paulus hom stuur van gemeente na gemeente om hul omstandighede te hoor en hulle te vertroos — Ef. 6:21; Kol. 4:7.

(vi) *Epafras:* Diakonos van Christus ter wille van „julle", d.i. die gemeente van Kolosse — Kol. 1:7. 'n Man uit die gemeente (Kol. 4:12), maar wat klaarblyklik saam met Paulus rondreis.

(vii) *Febe:* 'n Suster „wat ook diakonos van die gemeente in Kenchieë is"!

3. *Diakonos as benaming vir 'n besondere amp:*

Filippense 1:1. In Fil. 1:1 word vir die eerste keer in die N.T. die benaming diakonos op so 'n wyse gebruik dat dit duidelik 'n besondere amp naas en onderskei van die ouderlingamp aandui:

(a) *Dit is duidelik 'n amp:*

(i) Eers word al die gelowiges, die gemeentelede van Filippi genoem. Van die gemeentelede word saam met die opsieners onderskei die diakonoi.

(ii) Diakonoi word parallel naas en saam met die opsieners- of onderlinge-amp geplaas.

(b) *'n Amp op dieselfde vlak as dié van die ouderlinge:*

(i) Daar is geen teken van ondergeskiktheid, hoewel dit na die opsieners genoem word.

(ii) Net soos die opsieners ampsdraers in 'n bepaalde plaaslike kerk.

(c) Verder is uit die teks geen nadere bepaling van die aard van die amp en van die ampswerk af te lei nie.

*1 Timotheüs 3:8.*

(a) *Dit is ook hier duidelik 'n amp:*
Hier gee Paulus opdrag ten opsigte van die gawes wat 'n ampsdraer moet besit en die vereistes waaraan hy moet voldoen. Weer word die diakonoi duidelik geplaas naas die opsieners in 'n aparte maar ook parallelle amp. Eers word die vereistes vir die opsieners behandel. Onderskeie daarvan word gespreek oor die diakonoi,

maar hulle word ten nouste verbind aan die opsieners deur die woord hōsautos, „net so", wat die gedeelte oor die diakonoi inlei.

(b) *'n Amp op gelyke voet met dié van die ouderlinge:*
  (i) Geen teken van ondergeskiktheid — let wel: hōsautos.
  (ii) Tog weer nes in Fil. 1:1 tweede genoem. Is opsieners primi inter pares?
  (iii) Ten besluite merk Paulus in vs. 15 op dat hy dié dinge geskryf het sodat Timotheüs kan weet „hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is" — diakonoi is hier dus net soos die opsieners ampsdraeds in die *plaaslike* kerk.

(c) *Kan hier uit die vereistes bepaal word wat hulle amp inhou?:*

'n Skematiese vergelyking tussen die opsienersamp en die amp van die diakonoi sal die duidelikste beeld gee:

*Ooreenstemmende gawes*

| OPSIENERS | DIAKONOI |
|---|---|
| 1. „Een wat sy eie huis goed regeer". | 1. „En hulle . . . eie huise goed regeer". |
| 2. „en sy kinders met alle waardigheid en onderdanigheid hou". | 2. „moet . . . . waardig wees". „moet hulle kinders . . . . goed regeer". |

*Gawes wat verskil*

| | |
|---|---|
| 1. σωφρων — ingetoë, sober van gees, versigtig. | 1. Manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. |
| 2. Bekwaam om te onderrig. | |

*Ander vereistes*
*Ooreenstemmend*

| | |
|---|---|
| 1. Geen vuilgewin soeker μη αισχροκερδος — lesing hier twyfelagtig. Tog word dit uitdruk lik van die opsiener geeis in Tit. 1:7. | 1. Geen vuilgewin soekers nie. |
| 2. Man van een vrou. | 2. Manne van een vrou. |
| 3. Nugter en geen drinker. | 3. Nie verslaaf aan wyn nie. |
| 4. Onberispelik — in sin van: teen wie geen beskuldiging in te bring is nie. | 4. Onberispelik. |

*Vereiste wat verskil*

| | |
|---|---|
| 1. Geen geldgierige of liefhebber van geld. | 1. Moet nie met twee monde spreek nie. |
| 2. „Geen vegter"; „vriendelik"; „nie strydlustig"; „gasvry". | 2. Moet eers 'n proeftyd deurmaak, daarna kan hulle dien |
| 3. Fatsoenlik of eerbaar — | |
| 4. Nie 'n nuweling nie. | |
| 5. Goeie getuienis van die buitestaanders. | |

*Gevolgtrekkings:*

(i) Bostaande ontleding toon hoe moeilik dit is om uit die Bybelse vereistes vir die diakonoi 'n beeld te kry van die aard van hulle amp en werk.

(ii) Opvallend by die ooreenstemmende gawes is die gawes om die eie huis en die kinders *goed te regeer!* Dui dit op sekere *regeermag* wat die diakonoi moes uitoefen?

(iii) Opvallend by die verskil in gawes is dat alleen van die opsiener die bekwaamheid om te onderrig nodig is. Dui dit daarop dat die diakonoi in elk geval nie die werk van die verkondiging of vermaning uit die Skrif tot hulle taak gehad het nie?

(iv) Die ander vereistes vir die twee ampte laat geen grond vir die afleiding dat die diakonoi besonderlik die geldelike sake (armversorging of administratering van die stoflike goedere) van die gemeente behartig het nie — let wel, ek sê, dit is nie uit die vereistes van 1 Tim. 3 af te lei nie.

Inteendeel, die eis van „geen vuilgewinsoeker" — wat, terloops, nie noodwendig betrekking het op skandelikheid met betrekking tot *geld* nie! — word ook aan die opsieners gestel.

En die eis van „geen geldgierige of liefhebber" van geld, word pertinent aan die opsienersamp verbind en *nie* aan die diakonoi nie.

Die eise vir die regte geestesinstelling ten opsigte van geldelike sake geld dus sterker vir die opsieners as vir die diakonoi!

(v) Die groot mate van ooreenstemming in die eise vir opsieners en diokonoi toon in elk geval dat ons by die diakonoi te doen het met 'n amp wat geensins minderwaardig en ondergeskik aan die opsienersamp was nie.

J. C. Coetzee.

Pietersburg.